The Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

2020 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:	**AFR FAL**
PAPER:	**3**
DURATION OF PAPER:	**2½ uur**

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Hierdie was 'n gebalanseerde vraestel wat uiteenlopende onderwerpe en transaksionele tekste gehad het, wat elke kandidaat 'n geleentheid sou gee om ten minste te slaag. Dit het ten volle voldoen aan die vereistes wat in die KBV dokument gestipuleer is. Alle kognitiewe vlakke is gedek en dit is volgens die riglyne in die eksamenriglyne dokument. Daar was nie enige onderwerp wat kandidate sou benadeel nie. Kandidate het oor die algemeen die vraestel verstaan en redelik beantwoord. Die aantal leerders wat hierdie jaar in die uitsonderlike kategorie gevaar het, is dieselfde (45% vergeleke met verlede jaar). Daar is ook heelwat kandidate wat nie die paal gehaal het in hierdie vraestel nie. Dit is egter slegs 13%. Daar is opstelonderwerpe wat kop bo water teenoor ander onderwerpe uitgestaan het, bv die oorgrote meerderheid het oor 1.1 *Die selfoon* geskryf, sowel as 1.3 *Swaarkry maak 'n mens sterk* en 1.5 *Vriendskap*. Dit was hartroerend om die impak van die Covid-19 virus in die kandidate se skryfwerk te sien. 'n Mens kon ook duidelik agterkom dat die kandidate se opstelle geloofwaardig was en dat dit oor hulle lewenservarings gaan. Dit was eintlik 'n voorreg om te kon deel in die leerders se skryfwerk, want die nasiener het werlik leerders ondek wat diep oor 'n onderwerp geskryf het en kon dus 'n blik kry oor wat in matriekleerders se lewe gebeur tydens 'n nasionale, wêreldwye pandemie. Die onderwerp: *Vriendskap* het ook vir skokkende waarhede en humoristiese oomblikke gesorg. Nasieners geniet dit om eerlike skryfwerk te lees en daar het heelwat hieruit gekom. Die transaksionele tekste het ook sekere gunstelinge gehad en dieselfde onderwerpe is deurgaans deur kandidate gekies. Hier het heelwat kandidate kleigetrap aangesien die transaksionele tekste baie spesifieke formate het. 'nMens kon agterkom dat die formate nie so lekker ingeskerp is by baie kandidate nie. Afdeling C se kortstukke het ook tekste gehad wat oor die algemeen goed beantwoord is. Die instruksies is loshande deur die meeste kandidate beantwoord.

SECTION 2:
Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
AFDELING A: OPSTEL
1.1 Gelukkig het ek my selfoon by my gehad.
Hierdie onderwerp was 'n gewilde keuse. Nie almal kon egter baie goeie punte hier verdien nie aangesien leerders dit uit die oog verloor het dat daar 'n insident moes wees en die selfoon moes dus tot jou redding kom. Die onderwerp was grotendeels goed beantwoord, maar daar is kandidate wat dit swak interpreteer het en bloot oor die voordele of nadele of funksies van die selfoon geskryf het.
1.2 Dit laat my hart vinniger klop.
Hierdie onderwerp is goed deur die kandidate beantwoord. Hier het nie juis enige mistasting plaasgevind nie. Die nasiensers het wyd uiteenlopende response gekry wat goeie insig in die passies van die jeug verskaf het.
1.3 Swaarkry maak 'n mens sterk.
Hierdie onderwerp was gewild, veral onder kandidate in die minder gegoede gemeenskappe. Kandidate het hulle direkte ervarings gedeel. Die feit dat kandidate hule persoonlike weergawes gedeel het, het tot lang skryfstuke gelei. Kandidate in die meer gegoede gemeenskappe het 'n ander aanslag op die onderwerp gehad. Die onderwerp het eintlik die sosio-ekonomiese probleme in ons land uitgelig.
1.4 Moet Geskiedenis 'n verpligte vak wees?
Min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die skrander kandidate het egter hierdie onderwerp gekies en kon nogal die onderwerp beredeneer/debater. Heelwat vergelykings is tussen Geskiedenis en LO getref. Kandidate kon ook praktiese voorstelle hier gemaak het. Die swakker kandidate wat hierdie onderwerp gekies het, het geen motivering vir hulle keuse gegee nie.
1.5 Vriendskap
Hierdie was een van die populêre onderwerpe. Die kandidate het wyd-uiteenlopende response hier gegee. Kandidate het dit oor die algemeen goed beantwoord. Hier kon die nasieners 'n goeie idee kry oor wat die betekenis en konsep van vriendskap vir die candidate is.
1.6.1 Prentjie van die hande rondom Afrika
Hierdie was glad nie 'n gewilde keuse nie. Alhoewel sommige kandidate hierdie onderwerp goed beantwoord het, het min kandidate daarin geslaag om alle aspekte van die prikkel in te sluit, bv Afrika + ununtu/samewerking. Kandidate het dus nie baie goeie punte hier verdien nie. Hier was ook opstelle met sterk politiese ondertone.

1.6.2 Prentjie van die mandjie vrugte en groente
Enkele kandidate wat die onderwerp gekies het, het gemiddeld tot swak hieroor geskryf. Die onderwerp het nie tot kreatiewe skryfwerk geneig nie.
1.6.3 Prentjie van die meisie bo-op die boeke
Hierdie onderwerp is deur sommige leerders beantwoord, maar hier is ook nie baie kreatiewe opstelle gekry nie. Leerders het op verskeie aspekte van die prikkel gefokus, nie op die prikkel as ‘n geheel nie, wat veroorsaak het dat hulle nie so goed gevaar het in dierdie onderwerp nie.
AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS
2.1 FORMELE BRIEF
Hierdie vraag was redelik gewild en is beter as die ander vrae beantwoord. Kandidate wat insig in die funksie van die munisipaliteit getoon het, het goeie punte verdien. Daar was ook redelik klem op die register en toon van die skryfstuk gelê. Kandidate moet verstaan dat ‘n mens kwaad en ongelukkig kan wees, maar dat jy nog steeds kalm en respekvol moet reageer. Baie van die kandidate het die munisipale bestuurder uitgeskel en persoonlik met die werkers in die kantore geraak.
2.2 HULDEBLYK
Heelwat kandidate het ook die Huldeblyk gekies, maar daar was groot verwarring t.o.v. die huldeblyk wat jy by ‘n begrafnis en wat jy by ‘n partytjie lewer. Die ouderdom (100 jaar oupa) was duidelik buite die ervaringsveld van die kandidate. Die huldeblyk is egter redelik goed beantwoord deur meeste kandidate.
2.3 AGENDA EN NOTULE
Min kandidate het dit gekies en enkeles kon dit regkry. Oor die algemeen was hierdie vraag ‘n totale ramp vir ons kandidate. Hulle het eenvoudig nie geweet hoe om dit te beantwoord nie. Dit is dus swak beantwoord.
2.4 DIALOOG
Die dialoog was die gewildste keuse hier. Dit is redelik goed beantwoord, alhoewel sommige leerders nie alle detail in die vraag raakgesien en gedek het nie.
AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS
3.1 PLAKKAAT
Min kandidate het hierdie vraag beantwoord en het ook nie goeie punte hier verdien nie.
3.2 POSKAART
Hier het meer leerders gepoog om die vraag te doen. Dit is ook redelik swak deur leerders beantwoord.
3.3 INSTRUKSIES
Hierdie was die gewildste vraag by Afdeling C. Vyf en negentig present het die vraag beatwoord en die kandidate wat oor die woordeskat beskik het, het goeie punte hier verdien.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
AFDELING A: OPSTEL
1.1 Gelukkig het ek my selfoon by my gehad.
Hier het kandidate redelik goed gevaar. Diegene wat swak gevaar het, het versuim om 'n insident te beskryf waar die selfoon tot sy/haar redding gekom het. Hulle het die fyner detail van die vraag misgekyk en net in die algemeen oor die selfoon geskryf.
1.2 Dit laat my hart vinniger klop.
1.3 Swaarkry maak 'n mens sterk.
1.4 Moet Geskiedenis 'n verpligte vak wees?
Sommige kandidate wat hierdie vraag gekies het, het nie die word 'verpligte' verstaan nie en het dus 'n misinterpretasie van die vraag gegee. Ook baie leerders het in Engels hier geskryf en baie het ook politieke ondertone in hulle response gehad.
1.5 Vriendskap
Leerders het baie goeie response by hierdie vraag gehad.
1.6.1 Prentjie van die hande rondom Afrika
Hier het kandidate nie die prent as 'n geheel geïnterpreteer nie, maar slegs op een aspek van die prent gekonsentreer.
1.6.2 Prentjie van die mandjie vrugte en groente
1.6.3 Prentjie van die meisie bo-op die boeke
AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS
2.1 FORMELE BRIEF: KLAGTE
Hier moes die kandidate 'n brief aan die Munisipale Bestuurder skryf, waarin hy/sy kla oor die swak diens wat die munisipaliteit in sy/haar omgewing lewer. Dit blyk dat kandidate nie woorde soos "swak diens" verstaan het nie. Die "swak" diens is letterlik geïnterpreteer en kon nie verduidelik word nie. "Swak diens" is nie gekoppel aan dienste van die munisipaliteit nie. Dit het duidelik na vore gekom dat sommige kandidate nie die funksie van die munisipaliteit ken nie.
2.2 HULDEBLYK
Kandidate wat hier nie goeie punte verdien het nie, kon nie die huldeblyk met 'n partytjie vereenselwig nie. Uitsonderlike huldeblyke is vir oupa se begrafnis geskryf.

2.3 AGENDA EN NOTULE
Dit is duidelik dat hierdie skryfstuk nie by kandidate ingeskerp is nie. Hulle het die instruksies presies soos in die vraestel oorgeskryf met geen detail nie. Kandidate het ook die woord 'presensie' as present of 'gift' interpreteer.
2.4 DIALOOG
Hier het leerders die 'oorsese maatskappy' as die naam van die maatskappy interpreter. Sommige het nie verstaan dat oorsee 'n ander land ver van Suid-Afrika is nie. Dit wil voorkom asof die detail in die vraag te veel vir die kandidate was. Baie het detail misgekyk en 'n gesprek met hul ma i.p.v. maat gehad. Sommige het nie raad gevra nie. Sommige het werk gesoek en sommige se maat het vir hulle werk aangebied.
AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS
3.1 PLAKKAAT
Kandidate ken nie die formaat van die plakkaat nie. Die ABBA-beginsel is nie toegepas nie. Gedeeltes van die response is uit die vraestel saamgeflans. Die taalgebruik was onvoldoende.
3.2 POSKAART
Hierdie skryfstuk is nie by leerders ingeskerp nie. Baie kandidate het die formaat verwar met 'n informele brief. Kandidate weet nie hoe om kort, bondige sinne te skryf nie en het lang, uitgerekte sinne gebruik, wat die skryfstuk lomp laat voorkom het. Kandidate het nie die aantal woorde in ag geneem nie. Fokus was meer op wat hulle gedoen het as wat die plek beskryf is. Min kandidate het die poskaart gekies en dit onder die knie gekry.
3.3 INSTRUKSIES
Kandidate het die woord 'veiligheid' met vuil verwar. Sommige het nie by die aantal (7) instruksies gehou nie en het dus hulself in die voet geskiet as dit te min was.